## LUG JOU MENING

## VOORLEGGINGS EN OPENBARE VERHORE OOR DIE STAATSDIENSWYSIGINGSWETSONTWERP ("PUBLIC SERVICE AMENDMENT BILL") [W 13B–2023] EN DIE WYSINGSWETSONTWERP OP DIE BESTUUR VAN STAATSADMINISTRASIE ("PUBLIC ADMINISTRATION MANAGEMENT AMENDMENT BILL") [W 10B–2023] (A76) (NRVP)

Die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement sal openbare verhore oor die Staatsdienswysigingswetsontwerp ("Public Service Amendment Bill") [W 13B–2023] en die Wysigingswetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie ("Public Administration Management Amendment Bill") [W 10B–2023] (A76) (NRVP) as deel van sy grondwetlike verantwoordelikhede hou.

Die doel van die Staatsdienswysigingswetsontwerp ("Public Service Amendment Bill") [W 13B–2023] is om die Staatsdienswet, 1994, te wysig om voorsiening te maak vir die afwenteling van administratiewe bevoegdhede van uitvoerende gesag na departementshoofde; om die rol van die Direkteur-generaal in die Presidensie uit te brei om die President te ondersteun; om voorsiening te maak vir 'n meganisme om die verhaling van oorbetalings van vergoeding en voordele te hanteer; om die rol van die Staatsdienskommissie ten opsigte van griewe duidelik te maak; om die rol van die President en die Premier ten opsigte van die aanstelling en beroepsvoorvalle van departementshoofde duidelik te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die doel van die Wysigingswetsontwerp op die Bestuur van Staatsadministrasie ("Public Administration Management Amendment Bill") [W 10B–2023] (A76) (NRVP) is om voorsiening te maak vir die oorplasing en sekondering van werknemers; om duidelikheid te verskaf oor die verbod op werknemers om sake met staatsorgane te doen; om voorsiening te maak vir die vestiging van die Nasionale Regeringskool as 'n nasionale departement; om voorsiening te maak vir die verwydering van indiensnemingsverskille in die staatsadministrasie; om voorsiening te maak vir die bepaling van diensvoorwaardes met finansiële gevolge; om die Bylae te wysig om sekere gevolglike wysigings ten uitvoer te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Persone en organisasies wat belangstel, word uitgenooi om **skriftelike of mondelinge voorleggings** (wat jou persoonlike besonderhede (volle naam), munisipaliteit, e-posadres en/of kontaknommer moet insluit) by die Komitee in te dien. Rig asseblief voorleggings aan die Prosedurebeampte, me Waseemah Kamish-Achmat, óf per e-pos (wachmat@wcpp.gov.za) óf as stemnotas op WhatsApp aan 083 462 4803. Voorleggings moet die Komitee bereik teen nie later nie as Donderdag 24 April 2025 om 16:00.

Die **openbare verhore sal op Vrydag 25 April 2025 plaasvind** soos volg:

| **Hibried** | **Virtueel** | **Virtueel** |
|---|---|---|
| Raadsaal (sesde verdieping), Waalstraat 7, Kaapstad, en MS Teams<br>08:30–10:30 | MS Teams<br>11:00–13:00 | MS Teams<br>14:00–16:00 |

Om aan die virtuele verhore deel te neem, versoek asseblief die skakel vir die vergadering by die Prosedurebeampte. As jy internettoegang benodig, besoek asseblief jou plaaslike biblioteek of ’n Cape Access-sentrum om aanlyn deel te neem.

Afskrifte van die wetsontwerpe is op versoek beskikbaar en ’n elektroniese weergawe van die wetsontwerpe is op die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se webtuiste (www.wcpp.gov.za) beskikbaar.

**Uitgereik deur me B van Minnen (LPP), Voorsitter van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede, Wes-Kaapse Provinsiale Parlement.**